

Gedenk julle voorgangers

deur Totius¹

Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na (Hebr. 13:7).

Dit is een van die kort vermaninge waarmee die brief aan die Hebreërs beëindig word. As 'n laaste opskerping staan daardie woord daar. Opskerping tot godsalige wandel.

As Paulus die skrywer van hierdie brief is, dan is dit opmerkenswaardig dat hy hier nie met die vermaning kom nie: „Word my navolgers” (1 Kor. 4:16; 11:1; Filipp. 3:17), maar: „Gedenk julle voorgangers”. Hy was nie in die besonder die apostel van die Hebreërs nie, het nie die eerste die Woord van God aan hulle gebring nie en hou hom daarom hier nog effens op 'n afstand. Aan die eintlike voorgangers van die Hebreërs word hierdie voorrang gegee.

'n Tweede veronderstelling kom hier in aanmerking. As hierdie brief aan die gemeente in Jerusalem gerig is, dan kry die woord voorgangers 'n besondere krag. Daar was die apostels self asook ander uitnemende manne die voorgangers. Lank genoeg het hulle daar gewerk om hierdie naam van leiers ten volle te verdien. Aan hulle moes gedink word.

Die apostel wys op hierdie voorgangers, nie vanweë iets wat hulle uit hulleself besit het nie. In daardie opsig was hulle mense van gelyke beweging as die ander. Nee, hy voeg daarby: „wat die woord van God aan julle gebring het”. Dit het Christus behaag om in sy gemeente die diens van die Woord te ordeneer. Wat ook al val, daardie Woord moet bly. Daarin is die vastigheid van die gelowiges geleë. Daarom het die apostel geen ander afskeidswoord aan die Efesiërs nie as hierdie: „En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade” (Hand. 20:32). Daarom het Luther gesê: „Die Woord moet 'n mens laat staan.” Daaraan mag 'n mens nie vat nie.

En tog, daar is niks waaraan die Satan en die tydgees so graag wil torring nie. Hulle wil vir ons besef die krag en waarheid van die Woord verswak. Altyd weer hierdie vraag uit die hel: „Het God gespreek? Het Hy so gespreek? Is die Skrif die Woord van God?”.

Daarom is julle drie maal deur God geseënd, o gemeentes, waar daar nog onversetlike en onversoenlike draers van daardie Woord is. Manne wat nie daardie Woord verander of verswak volgens die modesug van die tye en die wispelturigheid van die wetenskappe nie. Manne wat eeu in eeu uit daardie selfde onveranderlike Godswoord soos 'n banier uit die maalstroom van die nietigheid ophef.

Gedenk daardie manne. Hulle verrig ewigheidswerk. Hulle wat in eenvoudigheid die volle raad van die Here verkondig en niks anders nie; wat nie hulleself soek nie; wat nie telkens 'n ander modekleed aantrek nie; wat nie probeer om die Woord aantreklik te maak vir die onherbore hart en aangenaam vir die onbesuisde oor nie. Gedenk daardie manne. Stel hierdie gawe van God op prys.

Die voorgangers van wie die apostel spreek, het reeds gesterwe. Hy sê: “die woord van God verkondig het”. Wat 'n versterkende gedagte vir die evangeliedienaar dat sy woord en voorbeeld ná sy dood nog werk. Ja, dan miskien meer as in sy lewe. Nou stoot die gemeente hulle nog aan sy persoon, maar as hy eenmaal heengegaan het, dan klink dit uit die herinnering aan sy woord. Dan kom daar 'n reine sprake van anderkant die graf. Dan eers sien ons dat hy met 'n goeie gewete onder ons gewandel het (vs. 18). Dan eers bemerk ons dat hy gewaak het vir ons siele (vs. 17). Dan kan

¹ Sondag, 22 September 1912, na die afsterwe van prof. Cachet, tweede professor in teologie van die GKSA, 1894-1911. Bron: *Het Kerkblad*, 1 Oktober 1912

ons ons nie meer met allerhande ligte verskonings daarvan afmaak nie. Daarom — gedenk daardie kostelike draers van die Woord van God. Moet hulle nie vergeet nie.

Hierby word gevoeg daardie ander woord: „Volg hulle geloof na.” Van die predikante eis ons nie dat hulle hulle bevinding aan ons verkondig nie. Kenmerk van die ware gesant bly dat hy die Woord van God verkondig. Ons is nie kenners van die harte om te oordeel watter predikers bekeer is en watter nie; watter wedergebore is en watter nie. Ons kan dus nie navolgers van hulle persone as onfeilbare voorbeelde wees nie. Ook hulle dade is dikwels afkeurenswaardig.

Maar die apostel eis dan ook heeltemal iets anders, nl. volg hulle geloof na. Die Woord wat hulle dra, mag nie met hulle persone vereenselwig word nie. Maar tog moet die krag van die Woord in die draers oorfloei en in hulle persoonlike geloof openbaar word. By hulle geloofsword moet hulle geloofswandel gevoeg word. Hulle moet met 'n Paulus kan sê: „Ek glo, daarom spreek ek” (2 Kor. 4:13).

By die voorgangers in Jerusalem was die verkondiging hoë erns. Hulle wou nie vir ander preek en self verlore gaan nie. Hulle wou nie ander tot dade opskerp en self agterbly nie. Hulle begeerte was om self te eet van die kostelike vrug van die land wat hulle bewerk het (2 Tim. 2:6); vir hulle deur hulle diens 'n eervolle plek verkry en veel vrymoedigheid in die geloof (1 Tim. 3:13). Daarom is daar by hulle gesien dat die werksaamheid van die eie geloofgepaard gaan met die verkondiging van die Woord.

Die Jerusalemse voorgangers het hulle geloof in dae van smaad en vervolging geopenbaar. Hulle het die magtigste potestate van die wêreld nie gevrees nie. Dink net aan Stefanus en Jakobus. Hulle kon in der waarheid sê: „Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?” (vs. 6); en: „Die Here het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie” (vs. 5).

Van daardie volhardende geloof nou, so openbaar in die wêreld, sê die apostel: Volg dit na.

„Hulle geloof”. Daar is baie wat ons nie kan en mag navolg nie. Elke gelowige het sy eie pad en dra sy eie las. Dáárin kan ons mekaar nie tot voorbeeld wees nie. Die apostel eis dan ook dat ons „hulle geloof” navolg. Dit besit ons gesamentlik sowel as persoonlik in die gemeenskap van die heiliges. Dit is daardie selfde geloof van Abraham, Isak en Jakob. Die geloof wat nooit van aard of karakter verander nie; hom nie aan die wenteling van die tye steur nie. Die geloof waardeur ons, hoewel ons midde-in die dood lê, nogtans na die ewigheid gryp.

Die briëfskrywer het reeds die geloof van Abraham, Isak en Jakob en al die Ou-Testamentiese heiliges aan sy lesers as voorbeeld voorgehou (hfst.11). Hulle het 'n „wolk van getuies” gevorm wat hulle in die wedloop aangemoedig het (hfst. 12: 1). En nou voeg by nog daarby die vir ons onbekende name van die bedoelde „voorgangers”. So word daardie getal steeds groter namate 'n gemeente later in die tyd leef. Dink aan die martelare, wie se geloof nog spreek nadat hulle reeds lankal dood is. Dink aan die Hervormers, wat alles veil gehad het vir die waarheid van God en ons weer in besit gestel het van die Woord van God.

Maar, gemeente, gedenk ook u eie voorgangers, manne net in u eie omgewing of in effens wyer kring bekend. Geloofshelde wie se name u nie kan vergeet nie en van wie se dade u nog gedurig spreek. 'n Groot voorreg is dit as die gemeente ongedwonge moet voel en getuig: „Ons het voorgangers wat self glo.” Waardeur daardie voorreg. Hierdie manne is deur God aan u gegee om met hulle woord en wandel wins te behaal.

En nou ten slotte hierdie mooi trek: „aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel”, d.i. terwyl altyd weer betrag word (dit is die krag van die oorspronklike) hoe hulle lewe geëindig het. Hier word ongetwyfeld allereers gesinspeel op die einde van die voorgangers wat martelare was.

„Die Here is vir my 'n Helper” — hoe het daardie woord in die lewensuitskoms van Stefanus geblink. Die mense kon wel die liggaam vermink en doodmaak, maar Stefanus sterf in die triomf van die geloof. Die hemel staan bokant hom oop, en die heerlijkheid van die Here word gesien, ook terwyl sy vyande op die tande kners. Hy gee sy gees aan die Here Jesus oor, bid vir sy vervolgers en gaan

onder die wreedste marteling salig heen. Wie glo, sê: „Dit is ‘n heerlike uitgang!” Dit was ook die geval met die bloedgetuies wat stukkend gesaag is, deur die swaard ter dood gebring is, wat in skaapvelle geloop het — hulle einde was nogtans opmerkenswaardig, want hulle het deur die geloofgetuienis verkry en het in daardie geloof gesterwe, m.a.w. hulle volhard tot die einde toe. Hulle begin was in ooreenstemming met hulle einde.

Die gelowige beoordeel die lewe heeltemal anders as die wêrelddienaar. Gemeet met die maatstaf van die wêreld, was die einde vir hierdie mense alles behalwe voorbeeldig. Na die uitwendige het alles in mislukking geëindig. Die wêreld tog meet sukses af na wat voor oë is, maar ag, wat is daardie sukses! Wisselvallig en kortstondig. Vandaar dat die groot digter Goethe gesê het: Dit is waaragtige sukses as ‘n mens die einde van sy lewe met die begin in ooreenstemming kan bring.

Dit sien ons by die voorgangers van Jerusalem. Hulle het in die geloof begin en voleindig. Daarom was daar by die grootste wêreldse ellende tog nie teleurstelling nie. Inteendeel, hulle einde strek vir ons nog tot ‘n voorbeeld.

Neem Paulus self as voorbeeld. Hy word vervolg, besit niks, ly honger en dors, is vol kommer en verdriet. Sy lewe word deur die goddelose Rome verswelg. Hy sterf onbekend, selfs deur medestanders verlaat. En tog is sy lewe ‘n ware sukses en heerlike voorbeeld. Hy bereik die doel wat gedurende sy hele latere lewe nagejaag is, nl. om nie alleen aan die heidene nie maar veral ook om in die hart van daardie heidendom (Rome) die evangelie te verkondig. Hy jaag nie meer of hy dit kan gryp nie; maar hy sê: „Vir my is weggelê die kroon van die geregtigheid” (2 Tim. 4:8). Hy bereik sy doel. Die uiteinde was salig. Aanskou daarom hierdie uiteinde ! Volhard, soos u voorgangers. Begin, hou aan en voleindig in die geloof.

Van begin tot einde het u seker gevoel dat hierdie woord op ons van toepassing is, noudat ‘n groot voorganger ons ontval het. Dit is ‘n mooi objektiewe woord, en waar die Heilige Gees dit self in die harte indra, hoef ons nie veel te sê nie. Ons ontslape voorganger was in die hele kerk bekend, en sy woord het haas orals geklink. Groot was ons voorreg om die laaste woorde van sy lippe op te vang. Daarom roep ons u en al die gemeentes in Suid-Afrika toe: Gedenk hierdie voorganger. Hy het die Woord van God gespreek. Wie kan iets anders getuig? Van pluimstrykende woorde het hy hom nooit bedien nie. Hy het die Woord verkondig. Altyd was hy daartoe bereid, ook onder u. Liggaamlike kwellings kon hom selde terughou. Die verkondiging was vir hom ‘n lus.

Ernstig was sy woord in die laaste tyd. O, daardie woord oor die sonde en die bittere gevolge daarvan. Maar ook daardie woord oor die genade vir elke sondaar wat na Christus vlug. Klink in u oor sy laaste vermaning nie na nie, veral noudat hy heengegaan het? Waardeer daardie voorreg. Dit is nog nie te laat nie.

Sonder aarseling roep ons u dan ook toe: Volg sy geloof na. U kan hom sy lewe nie nadoen nie. Hy was ‘n vors in Israel, en met sy dood word ‘n groot lamp in die kerk uitgeblus. Maar sy geloof is ook u geloof. Een en dieselfde vasklemming is dit, op hoop teen hoop, aan die Here Jesus. Sy woord is deur sy godsalige lewenswandel bevestig. Hy was in u midde soos ‘n man van God.

En aanskou sy uiteinde. Hy het in daardie geloof gesterwe. Geen wankeling nie. Hier is die bevestiging van wat die psalmis sê: „Let op die vrome, en kyk na die opregte, want daar is ‘n toekoms vir die man van vrede.” O, mag ons einde soos syne wees! Maar dan moet ook ons begin en voortgang in heilige vrese wees. En dan sal die uiteinde al die newels opklaar. Amen.